

Noag en die sondvloed **Genesis 6: 5-22**

Alberton 2018

Geliefdes in die Here!

1. Eksegeties:

Ons ken almal die geskiedenis van Noag uit ons kop. Dit is een van die Bybelverhale wat ons van kleinsaf hoor as ons die Kinderbybel lees. Kinders luister grootoog na die verhaal van die groot vloed wat gekom het, hoe Noag sy ark gebou het en hoedat hy, sy familie en die diere gered is.

Juis omdat die verhaal so bekend is, is dit ook een van die gedeeltes in die Bybel wat ons baie maklik verkeerd verstaan. Dit is een van die gedeeltes waaroor mense ook baie dikwels die verkeerde vrae vra. Hulle vra byvoorbeeld:

- Hoe is dit moontlik dat die hele wêreld onder water geraak het?
- Hoe is dit moontlik dat Noag al die diere in die ark kon kry?
- Hoe is dit moontlik dat hy vir so baie diere kos kon gee?

So kan ons maklik allerhande vrae vra oor Noag en die ark. Die punt is: Dit is alles die verkeerde vrae. Die verhaal van Noag en die ark is nie geskiedenis soos wat ons geskiedenis verstaan nie! Dit is soos baie ander gedeeltes in die Bybel 'n verhaal wat 'n boodskap bevat. Jesus het dikwels verhale en stories aan mense vertel om 'n bepaalde boodskap oor te dra. Daarom is dit onbelangrik om te weet waar al die water vandaan gekom het, waar Noag al die diere gekry het en hoe hy hulle kos gegee het.

Die eerste hoofstukke van Genesis is vol verhale wat aan ons 'n boodskap verkondig: Die boodskap dat God alles gemaak het, dat die mense sonde gedoen het en dat die mens se sonde sy verhouding met God en sy medemens verwoes het. Belangriker as dit: God het besluit om weer nuut te begin met mense, om nuut te begin met Noag en sy familie. Ons leer God ken as 'n genadige en barmhartige God.

2. Hermeneuties:

Waarom vertel die Bybel vir ons van hierdie groot vloed wat die mense baie duisende jare gelede getref het? As ons so 'n gedeelte lees, moet ons na **leidrade** soek wat ons help om die teks reg te verstaan:

1. Die eerste leidraad vind ons in Gen. 6:5 waar gesê word: ***Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op die aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.***

Hierdie vers staan in direkte teenstelling met Genesis 1. In Gen. 1 lees ons dat God na sy skepping kyk, na die mens kyk, en dat Hy tevrede was en dat Hy gesien het dit is goed. In Gen. 6 lees ons: God het weer na sy skepping gekyk, Hy het na die mense gekyk en Hy was bedroef, Hy was hartseer, Hy was **jammer** dat Hy die mens gemaak het. ***Dit het Hom diep gegrief.***

Hiermee verkondig Genesis aan ons: Die mens het van God vervreemd geraak. Die mense het verkeerde dinge gedoen en daardeur hulle verhouding met God vernietig. Daarom was God spyt dat Hy die mens gemaak het! Selfs die skepping is deur die sonde aangetas, want nou kom daar dorings en distels in die veld op.

2. Dit bring ons by die tweede leidraad – vers 7: **God besluit: Ek sal die mens van die aarde wegvee.** Dan volg die vertelling van die vloed. Dit gaan dus in die verhaal van die vloed nie om die vraag **hoe** die vloed plaasvind nie, maar waarom. **Waarom word daar van die vloed vertel?** Dit is God se oordeel en straf op die mens se sonde. Gen. 6 wil aan ons verkondig: God laat die sonde nie ongestraf nie!
3. Die derde leidraad vind ons in Gen. 6:8: **Maar God het besluit om Noag te begenadig.** Dit herhaal dieselfde boodskap as in die eerste hoofstukke van Genesis: Daar word vir ons vertel van die sondeval van Adam en Eva, die oordeel van God (die mense is stof en sal weer stof word, die dood as loon op die sonde), maar tegelykertyd die belofte van God se genade: **Uit jou nageslag word daar een gebore wat die slang se kop sal vermorsel.** Kain het sy broer Abel vermoor, en hy moet sy geboortegrond verlaat, maar God gee hom 'n teken sodat niemand hom sou doodmaak nie. O

So lees ons in die eerste hoofstukke herhaaldelik van die mens se sonde, maar tegelykertyd van God se oordeel, straf maar ook van sy genade vir 'n sondaar. In die verhaal van Noag en die ark hoor ons weer van sonde, van God se straf maar ook van sy genade. Selfs die diere, die skepping van God, vind genade. Die manier hoe God se genade aan ons verkondig word, is om aan ons te vertel dat Noag 'n ark moes bou. God red Noag, sy familie en die diere. Hulle ontvang vryspraak. Hulle staan nie onder God se oordeel nie.

4. Die laaste leidraad wat ons in hierdie gedeelte vind, is dat die Here vir Noag sê: **Maar met jou sal ek 'n verbond sluit.** Verderaan in die vertelling van Noag

vind ons dat die Here die reënboog as teken van sy verbond met Noag gee.

Hierdie teks is die eerste keer wat daar in die Bybel van 'n verbond gepraat word. 'n Verbond is 'n belofte van God aan die mens: Die Here wat vir die mens sê: ***Ek sal vir jou 'n God wees, en jy moet my dien en gehoorsaam...*** 'n Verbond sê: ***Daar bestaan 'n verhouding tussen God en mens... God herstel die verhouding met die mens.***

4. **Toepassing:**

Die wonderlike boodskap van hierdie verhaal van Noag, is dat hoewel God die sonde van die mens sien, en hoewel die mens se sonde die aarde verwoes en God ten diepste grief, en hoewel God die sonde van die mens straf, kies God om ook genade aan die mense te bewys en weer die verhouding tussen Homself en die mens te herstel.

Die Here het nie met Noag 'n verbond gesluit omdat Noag sondeloos was nie. Verder in die verhaal lees ons dat Noag 'n wingerd geplant het, wyn gemaak het en te veel gedrink het; soveel so dat sy eie kinders met hom gespot het en so meer. God kies om steeds vir die mens 'n God te wees, ***omdat Hy genadig en barmhartig is***, lankmoedig en vol liefde (Ps. 103).

In die ***Nuwe Testament*** lees ons dat God steeds kies om met mense 'n pad te loop, ten spyte van hulle sonde. Inteendeel: ***Joh. 3:16*** leer ons dat God die wêreld so lief gehad het, dat Hy sy Seun gegee het sodat ons verlos kan word van ons sonde en skuld.

Jesus se kruisiging staan in *die teken van God se oordeel en sy genade*. Wanneer Jesus aan die kruis sterf, dra Hy God se straf in op die sonde in ons plek. Daarom is die kruis ook paradoksaal 'n teken van genade. Jesus se

kruisiging is tegelykertyd God se oordeel en sy genade vir mense.

Dit is juis hierdie waarheid wat die doop aan ons verkondig. Die doop wys ons heen na Jesus se verlossingswerk. Wanneer jy gedoop word, sluit God 'n verbond met jou. Hy maak 'n belofte aan jou: Jou sondes word afgewas deur die bloed van Christus. Jy ontvang genade, ten spyte van jou sondigheid. Die doop is 'n belofte en waarborg dat ons aan God behoort, dat Hy gekies het om vir ons 'n God te wees, om ons te red en ons as sy kinders aan te neem.

Dit is daarom nie vreemd dat die vroeë Christene die verhaal van Noag en die vloed as 'n voorteken en profesie van die doop verstaan het nie. In die verhaal van Noag, in dit wat Christus aan die kruis gedoen het en in die doop vind ons dieselfde stuk verkondiging: Die mens sondig en raak vervreemd van God, maar God soek na ons en roep na ons, Hy roep ons tot geloof en gehoorsaamheid, Hy skenk aan ons genade en sluit 'n nuwe verbond met ons. God bly getrou, ten spyte van ons ontrou.

My broer en suster:

Elkeen van ons is gedoop. Soos Noag, het ons van God 'n teken ontvang dat Hy genadig is, dat Hy ons God is.

Kom ons dank Hom daarvoor met ons lewe, met ons woorde en dade.

Amen.